

Donderdag 31 Julie

**Skrifgedeelte: 2 Konings 10:1-11**

**Fokusgedeelte: 2 Konings 10:10-11 (AFR53/2020)**

**Leef ywerig jou roeping uit**

God beveel ons om ywerig ons roeping uit te leef: *“Moenie traag wees in julle toewyding nie, bly geesdriftig, hou vol om die Here te dien”* (Rom. 12:11). Bly geesdriftig. Letterlik: kook in die gees. Die Here verwag dat ons met groot entoesiasme op sy Woord sal reageer.

Jehu reageer geesdriftig nadat hy tot koning gesalf word. Hy kry die spesifieke opdrag om God se oordeel oor die huis van Agab te voltrek omdat hy op verraderlike wyse besit geneem het van die erfgrond van Nabot in Jisreël. Jehu laat die 70 seuns van Agab onthoof en Isebel word, onder sy aansporing, uit die paleisvenster gegooi.

Tog gaan Jehu te ver in sy ywer vir die Here. In Hosea 1:4 sê die Here dat Hy die huis van Jehu tot verantwoording gaan roep hieroor. Jehu vermoor ook al Agab se vername mense, sy vertrouelinge en sy priesters. Jehu het in sy verkeerde ywer die Woord van die Here nie gehoorsaam uitgevoer nie. Sy ywer was gemeng met persoonlike, sondige oogmerke, soos dié van Saul wat in sy ywer vir Israel probeer het om die Gibeoniete uit te wis (2 Sam. 21:2).

Dikwels gebeur dit vandag nog:

- In oorlogssituasies word, tydens vergelding, mense voor die voet ernstig beseer of gedood as gevolg van persoonlike, politieke en godsdienstige ambisie.
- Lidmate se verkeerde ywer vir die Here laat hulle liefdeloos veroordelend optree.

Christus het anders opgetree. Sy hele aardse lewe was 'n passievolle ywer om God se koninkryk te herstel en te bevorder. Selfs met die tempelreiniging in Johannes 2:17 het Hy dit uit suiwer motiewe gedoen, asook met sy kruisdood. In gehoorsaamheid aan die Vader kom Hy gewilliglik met oorgawe sy lewe aflê om vir Hom 'n eie volk as eiendom te reinig – 'n eiendom wat ook nou besonder ywerig is om goed te doen (Tit. 2: 14).

*Sing: Psalm 84-2:1, 2*  
*Ds. HG (Garrie) Schutte (Emeritus)*